

MUSIEK IN ONS LETTERKUNDE

MILTON druk sy estetiese waardering van musiek as volg uit:

„Lap me soft in Lydian Aires,
Married to immortal verse,
Untwisting all the chains that tie
The hidden soul of harmony.”

By byna elke mens is daar 'n drang na musikale skoonheid, en die intensiteit van die skoonheidsgevoel is op sy hoogste in die teenwoordigheid van die een of ander diepgevoelde ontroering, ditsy liefde, vreugde of diepgevoelde ouersmart; en selfs as die digter stilstaan om pragtige natuurafereeltjies te bewonder, word sy siel tot musikaliteit gedwing. Musiek daal sag op die siel neer om dit te louter. Suiwer woordmusiek is pure ekstase. Hoe dikwels word sielswonde nie in die balsem van musiek genees nie! Waaragtige musiek bly onuitwisbaar in die geheue, want Keats sê:

„The music in my heart I bore
Long agter it was heard no more.”

Die sukses van die skepping van waaragtige musiek hang af van die diepte van die digtersiel en van in hoeverre hy intens ontroer word. So hoor 'n mens in die volgende langsame, droewige versies die weemoedige toestand van die digter se siel:

„Langsaam lui die koperklok
somer verhaal uit die toringnok.”

En verder hoor ons weer die diep tone van die orrel in die lae klanke van

„Voed het oud vertrouwen weder,”
brul die orrel se donderwerk. (Malherbe.)

Die musiek bring ons onmiddellik in die somber stemming van die digter se siel, en ons buig ons hoofde as die woorde op ons siel neerdaal en ons met simpatie vir die gestorwene vervul.

Ewe na aan die mensehart lê smart. Hoeveel smart voel 'n ouer nie as sy seun b.v. wegloop. Hoe moeilik is dit om die mate van sy smart te meet. Eie ervaring alleen kan ons leer wat dit is. Dink aan die smart van 'n jong man vol lewenshoop, wanneer sy beminde 'n ander bo hom verkies en hy word op 'n eenspoorpaadjie die lewe ingestoot. Dan gebeur dit dat haar man sterf, en hy sien nog die jeug wat natintel in haar blos: hy trou met haar en dan kan hy sê: „Smart wat nie louter nie, is soos neerdrukkende sonde: dit hou jou in die diepte vas.”

Vadersmart wat skreiend die hart verskeur, vind 'n ongeëwenaarde vertolking in:

„O, die pyngedagte: My kind is dood!...
dit brand soos 'n pyl in my.
Die mense sien daar niks nie van,
en die Here alleen die wec wat ek ly.” (Totius.)

Ja, werklikwaar, ons kan sy pyn nie peil nie, want die dood van die digter se dogter deur 'n weerligstraal brand soos 'n pyl in sy boesem, en uit die dieptes van sy siel borrel vadersmart.

As 'n mens nou die pogings van 'n kleurling in sy beginstadium om 'n ghitaar te bespeel, duidelik en onmiskenbaar wil hoor, moet jy maar net na die volgende luister en die snaargeluide klink in jou oor:

„Ontong-tongtoeng-loengtoeng-tongtong!
Doemercem-roemeroem!”

Hoe suggestief en waar is die klanke nie! Dit kom 'n mens voor asof Malherbe die kleurlinge afgeluister het en met sy musikaal-digterlike oor het hy al die klanke opgevang om vir ons 'n stukkie pragtige woordmusiek te gee.

Die see word verskillend vertolk, en elke digter vertolk dit in die stemming waarin hy verkeer. As sy siel oorborrel van vreugde, dan is die see sy vriend en die oneindige wydtes van waterwiegeling is vir hom pure genot. Vir 'n ander persoon is die see 'n gretige, angsekkende monster wat gedurig dreig om menselewens in te sluk. Luister maar net hoe mooi die volgende woorde die kokende, bruisende musiek van die see weergee:

„Die water suis, en gis en bruis.” (Leipoldt.)

Deur

FRANS RAMAN

Maar prosa behoef nie agteruit te staan vir poësie nie. Hoe duidelik hoor 'n mens nie die rumoerigheid van die branders as „die skuit so nietig soos 'n akkerdop in die skuimende, en skuiwende, malende, rollende en sluitende waterwoestyne” (Malherbe) rondgeslinger word nie.

Dit is verbasend hoe presies die digters die klanke van die rammelende donder kan weergee. In die volgende aanhaling hoor ons eers die branders en dan die donder wat soos 'n gewerskoot klap:

„En oor die kraak van branders knal
Die donder oor die see,
„Tot Tafelberg se kranse dreun
En Duiwelskop dreun mee.” (Leipoldt.)

Daar is werklik pragtige musiek in die reëltjies waar Celliers die geluid weergee van die eerste reëndruppels na 'n droogte. Sy oog het die druppels gesien, en hulle dowwe geluid op die stowwerige grond het sy musikale oor getref.

„Met dof-sware plof, soos koeëls in die stof,
kom die eerste druppels neer,”

en dan breek die donker los,

„Tot dit ruis alom so deur die gebrom
en gekraak van die donderweer.”

Eindelik kom 'n haelwolk „soos 'n perdekommande wat dreun oor die lande,” om die gesaaide meedoënloos te verpletter. Wie 'n donderstorm aanskou het, vind hierdie klanke tog alte waar.

Die siel van die digter word dikwels ontroer as hy stilstaan om die natuurskoonheid te bewonder. Hy het die oog om dit te geniet en te waardeer en hy besit die fyn gevoel en oor om dit ritmies en belaa met musiek vir ons weer te gee. Wanneer Leipoldt b.v. 'n uil sien, gee hy ons meer as 'n blote beskrywing daarvan. Hy voer ons na die lomerig-lui stemming waarin die uil lewe, deur middel van lang, slaperige klanke. Dit kom pragtig uit in die volgende vers:

„In 'n groot ou eikeboom
Droom 'n oupa-uil.”

Dit kom my voor asof ek die onheilspellende nagtelike geluide van die uil in die woordmusiek hoor. As 'n mens die inhoud van die klanke skei, d.w.s. as jy nie aan die betekenis van die woorde dink nie, is dit moontlik dat jy die hooe-hooe-geluide in die klanke verneem. 'n Mens hoor die karakteristieke geluide van 'n steenuil alte duidelik in: „Dis bloed, dis mensebloed!” (Leipoldt.)

Watter onderskeid is daar nou eintlik tussen dansmusiek en dié van 'n meulwiel? Die digterlike siel vind oneindig veel genot in die musiek van die meul, want „die egalige dreuning vervul die ou meulhuis soos die onafgebroke dreunang van die see.” In *Die Meulenaar* hoor 'n mens dikwels die welbekende musiek van 'n meul op 'n boereplaas. Die skrywer hou rekening met sy klanke, want baie hang daarvan af in hoeverre hy ons kan terugvoer na die meulhuis-atmosfeer. Malherbe slaag skitterend daarin om ons al die klanke te laat hoor wat met 'n meulhuis geassosieer word in die volgende stukkie:

„In die swaar gedreun van die stene, in die gerittel en gerammel van die siwwe, in die gekraak van die vloerplanke, in die arbeidslustige gestoei van krag en klank die ganse voormiddag deur, het sy lewensvreugde dubbelskoon weer in sy siel teruggekeer.”

Wat kan ons beter verwag? Dis musiek wat harte bly maak, veral die meulenaar s'n, want hy is „'n struik van die meulhuis.” Wie nie hierin die rammeldreun hoor nie, is horende doof — sy sielsore is gesluit!

Weer vra ek wat is die onderskeid tussen dansmusiek en dié van 'n meulwiel. 'n Antwoord wil ek nie waag nie, maar luister wat Malherbe sê:

„walsmusiek kan hy (Faans, die meulenaar) verstaan omdat dit „net so dreun:draai soos sy meulwiel” (p. 64). (Kursivering van my.)

Laat ons nou die huislike sfeer binnetree waar geluk heers. Hoe heerlik straal die vreugde nie op kindergesigte of in die oë van paartjies op die troudag nie! Die lentesang van voëls spreek daarvan; dit straal op moedergesigte as hul dierbaarste seuns terugkeer nadat hulle in die stad verdwaal het. Geluk moenie met plesier verwar word nie, want

„At a touch sweet pleasure melteth,
Like the bubbles when rain pelteth,”

Maar geluk is nie so kortstondig nie. Luister hoe gelukkig is die moeder wanneer sy haar babetjie aan slaap sus:

„Doedoedoe bladertjies,
Slapenstyd nadertjies;
Doedoedoe blommetjies
Nag is aan 't kommetjies.” (Langenhoven.)

Maar ook die voëltjies noem hulle kuikentjies kindertjies en selfs hulle sing 'n wiegiedjie met soete stem:

„Tietewiet, koeroekoet —
Pierewiet, toetoelet!
Doedoe my kindertjies.” (Langenhoven.)

En wie dan die orreltjie van die stroompie onder die boompie wil keer, sal dit vind in:

„Sus immer, suis immer, ruis immer, rus nimmer.”

Die geluk van kinders is kenbaar aan hul jubelende ronddraf. 'n Kind wat nie baljaar of pretmakend is nie, besorg sy moeder bekommernis. Die swaard van Damokles hang oor die hoof van die moeder as haar seuntjie se gesig nie spreek van geluk nie. Hoe opgeruimd is die moeder as die outjie

„Trippel-trappel op en af
Oor die kamervloer!
Mammies skatlam skaterlag;
Wat 'n wild rumour,
Handjies-klappies op die stappies
Van die voetjies kaal.” (Joubert.)

Hierdie outjie verkeer in blakende gesondheid, en is vol vreugde.

Klein Ondeug is net so gelukkig en opgeruimd. Die kereeltjie vang allerhande kattedwaad aan. Op sy jong skouers rus geen verantwoordelike nie: hy baljaar, gooi koppies stukken op die vloer, bad die Sondagstewels; ja, gooi selfs wreedaardig die arme kat in die water. En hoor nou hoe skelmpies die outjie binne rondstap om net die muurpapier af te trek:

„Al trippe-trap die mure langs
kan jy sy stappies hoor.” (Celliers.)

In die oorloë het die perd 'n groot rol gespeel; derhalwe hoor ons vandag nog die gedreun van perdehoeve in ritmiese skoonheid vasgelê soos in *Voorslag*. Hierdie weergalose appelblou-skimmel is van gedamaseerde liggaamsbou; dus verneem die oor in die galoperende ritme sy forse tred:

„Onder sy hoewe gestaag dreun die donder” (Visser.)

Die perd kan met verbasende snelheid hardloop, soos die kort, vinnig opmekaarvolgende klanke getuig:

„Draf kan hy snel oor die veld soos 'n duiker,”

en die langsame ritme gee die indruk van die deftigheid waarmee die skimmel pronk:

„Trippel kan hy soos 'n pronkbok wat dans.”

Die huppelende draf met vurige oë en fier neusgate hoor 'n mens in:

„Dis draf en gelop, dis draf en galop” (Malherbe.)

En ek kan nie nalaat om die volgende stuk woordmusiek aan te haal nie:

„'n perde-kommande wat dreun oor die lande” (Celliers.)

(*Vervolg op bladsy 67.*)

MUSIEK IN ONS LETTERKUNDE

(Vervolg van bladsy 33.)

Dis inderdaad 'n skitterende juweeltjie. Dit toon aan wat 'n digter kan bereik as hy maar net sy klanke liefhet.

Net soos snel opmekaarvolgende klanke die galop van 'n perd weergee, kan ook langsame klanke die stadige en deftige gang van die trekos gee, soos in:

„Die osse stap aan deur die stowwe
geduldig, gedienstig gedwee” (Celliers).

En dan volg die ossewa wie se wiele wegramel oor die klippe. 'n Mens hoor eintlik die musiek wat die wiele maak, in:

„En stille, al stuiwend en stampend,
kom stadig die wa agterna” (Celliers).

Die alliterasie, asook die klappende klappers in die volgende stukkie, gee musikaal die krakende geluide wat 'n mens hoor as die ossewa oor ongelike pad sy weg baan:

„Dit kraak deur die brekende brokke,”

en

„Dit knars in die knakkende knokke” (J.F.C.)

Wie is daar wat nog nooit voor 'n kaggel met gloeiende kole gesit het nie, terwyl die wind 'n weemoedige liedjie in 'n koue winternag fluit! Die musiek wat die wind maak, sal ons terugvind in die volgende versie waarin weemoedige klankeffekte skitterend bereik word:

„Dit is die winterwind wat waai,
al wenend deur die lange nag,
al wenend om die verre dag;
die twye swenk, die takke swaai —
dit is die winterwind wat waai” (Celliers).

Met sorgende moederliefde pas die moeder haar siek seuntjie of dogtertjie op, en terwyl sy daar by die siekbed waak soos 'n troue herder, probeer sy die lied van die wind daarbuite te vertolk, soos in:

„O, nagwind, ek hoor maar deurgroond nie
jou klaende, suisende sang —
My harte klop sneller en sneller,
My kinderlik harte word bang” (Malherbe).

Oral eis die dood ook sy onverbiddelike deel; hy trek geen skeidslyn tussen arm en ryk, groot of jonk, mooi of lelik nie; hy voer elke siel tot dieselfde stand. So 'n diepgevoelde ontroering vertolk die digter of skrywer in somber, verhewe sang, soos b.v. in:

„Die bloeiende blom sny hy (die dood) af saam met
die songeskroeiende halm. Hy ontwortel die eikeboom
wat geanker was in die aarde se diepte, en die
steggie se groeikans maak hy tót niet” (Malherbe).

Die beelde is almal verstaanbaar omdat hulle so eg-Afrikaans is, en die sangerigheid wat by die deurlees gevoel word, is onmiskenbaar. Shirley druk die feit dat die dood sy regmatige deel eis as volg uit:

„There is no armour against Fate;
Death lays his icy hands on kings.
Sceptre and crown must tumble down,
And in the earth be equal made
With the poor crooked scythe and spade.”

Dit tref 'n mens dat Malherbe en Shirley persoonlikasie gebruik, en albei gebruik ook die alledaagse dinge wat in hul land tuishoort om die beelde te veraanskoulik. Dis bysaak vir ons, wie se siele na musiek smag.

Nou kan ek nie nalaat om eerbiedig op die melodieuse sinne in die Bybel te wys nie. Daar gaan 'n soet musikale streling uit sekere gedeeltes. Hier is 'n paar wat my altyd streel:

„Die wat met trane saai, sal met gejubel maai” (Ps. 125).

„By waters waar rus is, lei Hy my saggies” (Ps. 23).

Alles is vreedsaam hier by die waters; daar is geen bruisende, gistende, malende see-rumoerigheid nie. 'n Mens is nie gedurig waaksaam nie; die waters wil jou nie met wrede geweld insluk nie. Hier kan 'n mens verhewe gedagtes vorm. en strelende melodie laat jou sag in die arms van Morpheus rus, want dis

„Music that brings sweet sleep down from the blissful skies” (Tennyson).

Nou dat ek eindelijk 'n baie onvolmaakte toertjie deur die tuin van Afrikaanse musiek afgeleë het, voel 'n mens die waarheid van die Meester se woorde: „'n Mens kan van brood alleen nie leef nie.” Die siel smag na die idilliese goedere, wat net so onontbeerlik is as elke dag se voedsel vir die liggaam. Dit is ons plig om sielehonger te stil deur te eet van die heilige brood wat aan ons gegee is in ons eie letterkunde en aldus genietend saam met Langenhoven sing:

„Ons sal antwoord op jou roepstem,
ons sal offer wat jy vra:
Ons sal lewe, ons sal sterwe —
ons vir jou, Suid-Afrika.”